Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2 (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A: Roman | (35) |
   | AFDELING B: Drama | (35) |
   | AFDELING C: Kortverhale | (35) |
   | AFDELING D: Gedigte | (35) |

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN (35)
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA (35)
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: Kortverhale (35)
   Beantwoord die vrae oor albei kortverhale.

   AFDELING D: GEDIGTE (35)
   Beantwoord die vrae oor albei gedigte.

4. Lees die inhoudsopgawe op bladsy 3 en dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle in die klas behandel het, aan.

5. Beantwoord TWEE vrae: EEN vraag uit elkeen van die TWEE afdelings wat julle behandel het.

   **LET WEL**: Indien jy AFDELING C: (kortverhale) of AFDELING D: (gedigte) beantwoord, moet jy BEIDE vrae uit hierdie afdelings beantwoord.

6. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

9. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling/vraag.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou in staat stel om die vrae te kies wat jy wil beantwoord sonder om deur die hele vraestel te lees.

Kies TWEE afdelings.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN** | | | | |
| **VRAAGNOMMER** | | | **PUNTE** | **BLADSY NR.** |
| 1. | *Die kruppel engel* | Kontekstuele vraag | 35 | 5 |
| | | | | |
| **AFDELING B: DRAMA** | | | | |
| | | | | |
| 2. | *Die laaste Karretjiegraf* | Kontekstuele vraag | 35 | 7 |
| | | | | |
| **AFDELING C: KORTVERHALE** | | | | |
| | | | | |
| Beantwoord die vrae oor ALBEI kortverhale. | | | | |
| | | | | |
| 3.1: | "Koning van die townships" | Kontekstuele vraag | 17 | 13 |
| | | | | |
| **EN** | | | | |
| | | | | |
| 3.2: | "'n Bed vir Johnny" | Kontekstuele vraag | 18 | 15 |
| | | | | |
| **AFDELING D: GEDIGTE** | | | | |
| | | | | |
| Beantwoord die vrae oor ALBEI gedigte. | | | | |
| | | | | |
| 4.1 | Demokrasie (Pity) Limited | Kontekstuele vraag | 18 | 17 |
| | | | | |
| **EN** | | | | |
| | | | | |
| 4.2 | Sonvanger | Kontekstuele vraag | 17 | 20 |

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.

| AFDELING | | VRAAGNOMMERS | VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (√) |
|---|---|---|---|---|
| A | Roman | 1 | 1 | |
| | | | **OF** | |
| B | Drama | 2 | 1 | |
| | | | **OF** | |
| C | Kortverhale | 3 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | **OF** | |
| D | Gedigte | 4 | 1 (2 gedigte) | |

**LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: *DIE KRUPPEL ENGEL – ZENOBIA KOCK*

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

Sy kom terug met ’n tas vol klere: skoolklere, onderklere, sweetpak en netbalrompie by die skoolwinkel gekoop, inskrywingsvorm vir haar ma om te teken. Dis onmoontlik om dit nou weg te steek. Pa At loop rond soos ’n donderwolk. Die stilstuipe kom aan.

“Al die jare ... ” mompel hy terwyl hulle voor die televisie eet. Hulle kyk *7de Laan*. “Al die jare sorg ek vir haar. En wat kry ek? Stank vir dank.”

“Maar, Pa... ”

“Moenie vir my ‘maar Pa’ nie. Ek is nie goed genoeg vir jou nie. Hier sit ek op ’n plaas waar jy kan ordentlik skoolloop, maar jy moet anders is. Jy wil by die Boere inkruip. Jy wil Boerskool toe gaan. Jy kan vergeet. Vir hulle sal jy altyd ’n kleurling bly. Hulle wil nie jou ma by hulle ingevat het nie en hulle sal ook nie vir jou invat nie.”

Daar is ’n asemlose stilte.

“Hoe meen Pa?” vra Klein-Attie.

Tina praat hom dood. “Ek wil nie ’n Boer is nie ...”

Haar ma skop haar waar sy agter haar stoel staan. Tina steur haar nie daaraan nie. “Maar ek wil nie skottelgoed was en uitvee en afstof nie ...” Die trane begin loop.

1.1 1.1.1 Wie het vir Tina gehelp om haar skoolbenodigdhede te gaan koop? (1)

1.1.2 Waarom sou dit nodig wees om die klere vir Pa At weg te steek? (1)

1.1.3 Dit was ’n vermorsing van geld om vir Tina ’n netbalrompie te koop. Sê waarom jy met die stelling saamstem. (1)

1.2 Pa At voel dat Tina nie waardeer wat hy vir haar gedoen het nie.

1.2.1 Wat is die verhouding tussen Pa At en Tina? (1)

1.2.2 Watter werk doen Pa At? (1)

1.2.3 Tina het geweet Pa At sou dit nie kon bekostig om haar dorpskool toe te stuur nie. Noem EEN ekstra uitgawe wat hy sou hê as sy dorpskool toe moes gaan. (1)

1.2.4 Volgens Pa At is die plaasskool ‘ordentlik’. Noem TWEE redes waarom Pa At so dink. (2)

1.2.5 Hoe belangrik, dink jy, is ’n goeie hoërskoolopleiding? Motiveer. (1)

1.3 Die hoofrede waarom Tina nie by die plaasskool wou skoolgaan nie, is omdat sy graag saam met blankes wou skoolgaan.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.4 Tina se tweede opsie vir hoërskoolopleiding was dat sy Kaapstad toe sou gaan. Motiveer. (1)

1.5 Ma Lettie en Pa At het uiteenlopende maniere hoe hulle hulle kinders se optrede dissiplineer.

Voltooi die volgende paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.2) en die antwoord neer.

Pa At raak (1.5.1) ... wanneer hy kwaad raak, terwyl Ma Lettie sommer vir Tina met die (1.5.2) ... sal gooi. (2)

1.6 As jy Pa At of Ma Lettie was, watter strafmaatreëls sal jy toepas as jou kinders jou kwaad maak? (1)

1.7 “maar jy moet anders is ...” (Reël 9)

Tina het innerlike konflik ervaar as gevolg van haar soeke na identiteit. Noem EEN fisiese karaktertrek wat ‘anders’ aan Tina is, as aan die ander plaaskinders. (1)

1.8 Pa het ook geïnsinueer dat Tina se ma deur Blankes verwerp was.

1.8.1 Noem EEN rede wat Pa At se stelling waar maak. (1)

1.8.2 Dink jy dis regverdig van Pa At om haar ma se verlede met haar te bespreek? Motiveer. (1)

1.9 Tina het ook die eerste keer met haar engel, Jakob, kennis gemaak, wat later ’n belangrike ondersteuning vir Tina in haar hoërskoolloopbaan geword het.

Hoe het Jakob en Tina mekaar vroeër jare geken? (1)

**EN**

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

“Wat het hy daai laaste aand vir djou gesê?”
Tina voel hoe haar hart ruk. “Ek weet nie,” sê sy, soos vir die polisiemanne. “Ek kon nie verstaan wat sê hy nie.”
Ant Merlin kyk na haar en sug. “Partykeers was djy al ene wat kon verstaan wat hy praat. Hy’t beterder geword daar byrie sopkombuis, maar as hy moeg was kon ’n mens hom nie mooi hoor nie.” Tina staan verstorwe. Sy het lank laas van Jakob gedroom. Sy het haar daarmee versoen dat sy nooit die pap geroer sou kry nie.
Maar so duidelik asof iemand dit vir haar gesê het, weet sy dat sy weer vannag van Jakob gaan droom. Kry die ellende dan nie einde nie?
“Weet jy hoekom ek hom Djakob genoem het?” vra ant Merlin. Sy het gaan sit op ’n klip, ’n paar tree met die grondpad na Coetzeerus. Tina staan onwillig nader, skud haar kop.
“Toe ek nou moet bore, toe vat hulle my by die hospitaal. En daar’s net ’n nurse by my, want die dokter is besig. Hy sê hy sal netnou kom. Toe bore die enetjie sommer skierlik en die nurse skree. Sy skree, sy skree, sy skree dokter, kom hier, kom kyk hier!

1.10 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Ant Merlin het met (’n geleentheid/publieke vervoer) na Coetzeerus gegaan. (1)

1.11 Die manier hoe Jakob sy naam gekry het, was vir Tina ’n groot verrassing.

1.11.1 Waarom sal jy saamstem dat Jakob ’n gepaste naam gekry het? (1)

1.11.2 Hoekom impliseer ant Merlin dat Jakob en Tina ’n spesiale band/konneksie gehad het? (1)

1.12 1.12.1 Na wie is Tina vernoem? (1)

1.12.2 Watter ooreenkoms het Tina en bogenoemde persoon gehad? (1)

1.13 Oumies wou Tina skoolgereed maak deur vir haar opvoedkundige speelgoed te koop.
Glo jy Oumies het geslaag in haar doel om vir Tina skoolgereed te maak? Motiveer deur te verwys na die vaardighede wat Tina later in haar skoolloopbaan gebruik het. (1)

1.14 Tina het heeltyd met ’n groot skuldgevoel oor Jakob geloop.
Wat dink jy, kon haar ouers doen om haar met hierdie innerlike konflik te help? (1)

1.15 Een van die temas in die roman is kinderverwaarlosing. Verduidelik hoe hierdie tema Tina se lewe affekteer het. (2)

1.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.16) neer.

Tydens Jakob se geboorte, het hy breinskade opgedoen en daarom het hy ... gekry toe hy groter word.

A epileptiese aanvalle
B spraakprobleme
C stankprobleme
D velprobleme (1)

1.17 Hoe het Jakob vir Tina in haar skoolloopbaan gehelp? Noem TWEE feite. (2)

1.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Tina het die eerste keer aanvaarding van haar biologiese pa gekry toe hy na die (volgende geslag / vorige geslag) verwys het. (1)

1.19 Die volgende gebeure het ’n rol in Tina se lewe gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die gevolge in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.19.1 tot 1.19.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.19.1 | Tina se pa begin minder drink. | A | Lindiwe se broer het sy meisie swanger gemaak. |
| 1.19.2 | Tina beland in detensie. | B | Loisie speel netbal. |
| 1.19.3 | Tina glo nie in ‘safe sex’ nie. | C | Juffrou Manoto het ’n buite-egtelike kind. |
| 1.19.4 | Tina word sportverslaggewer. | D | Tina vra skoolgeld by Stefaans. |
| | | E | Tina kan nie kleur onderskei nie. |

(4 x 1) (4)

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 2: DIE LAASTE KARRETJIEGRAF – Riana Steyn en Athol Fugard

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS C

PIENKIES: ... Toe ek vir Ouma in my arms tel, net voordat ek haar op die grond wou neersit, toe kyk sy my in die oë, en sy fluister so stilletjies:

“Pienkies, Ouma is nou in haar terugloopdae, my kind ... ek dink dis die laaste maal dat jy vir my so gaan styfhou. Ouma is gedaan, my kind. Klaar met die wêreld. Die tyd het gekom dat Ouma haar laaste bietjie asem moet uitblaas. Maar gee Ouma jou woord, my kind... dat jy sal kyk dat wanneer julle my bêre, my voete hier op onse vastigheid wat die goeie Vader vir ons gegee het, sal bly. Want ons het uit hierdie einste aarde die lig gesien- almal van ons ... Karretjiemense ... En dis waar ieder en elk gebêre moet word.”

*****

Sy het geweet. So paar nagte later maak iets my slaap wakker ... En daar sit Rokkies en snik. Toe ek vra wat makeer, sê sy net ... “Ouma is weg.”

****

PIENKIES(*besluiteloos*): Ons sal sien. (Pouse) Nee! Te hel met dit! Ek’s moeg van hier sit, dag in en dag uit, en kyk hoe jy en Rokkies en Toek-Toek net dunpap het om van te leef terwyl ons daar lê en wag vir ’n seur om verby te kom en prys vas te maak, sodat ons ’n paar rand bymekaar kan skraap ... Om maar net weer al ons goed bymekaar te kry, op te pak, en vir nog twintig myl aan te sukkel. Vir wat? (*Vasberade*) Aikôna! Ek soek nie meer hierdie lewe van rondtrek op die stofpaaie nie.

2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

2.1.1 Pienkies is hier die verteller wat vertel van ouma Mieta se pyn en lyding.

Hierdie gedeelte van die drama word die (motoriese moment/ eksposisie) genoem. (1)

2.1.2 Gee TWEE feite wat tot ouma Mieta se dood bygedra het. (2)

2.2 Waarna verwys Ouma as sy van haar “terugloopdae” praat? (Reël 4) (1)

2.3 "Maar gee Ouma jou woord, my kind, dat jy sal kyk dat wanneer julle my bêre, my voete hier op onse vastigheid wat die goeie Vader ons gegee het, sal bly." (Reëls 8–11)

2.3.1 Waar is ouma Mieta begrawe? (1)

2.3.2 Noem TWEE feite wat bewys dat ouma Mieta op die tradisionele Khoi-manier begrawe is. (2)

2.3.3 Hoe het die begrafnisgangers wel die Christelike geloof met die Khoi-tradisie byeengebring? (1)

2.4 Hoekom was dit Pienkie se verantwoordelikheid om te sien dat Ouma 'n ordentlike, respekvolle en eerbare begrafnis kry? (1)

2.5 Dink jy Pienkie is volwasse genoeg om daardie besluite te kon maak? Motiveer jou antwoord. (1)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Koot kon nie die begrafnis bywoon nie, omdat hy (dronk / in die tronk) was. (1)

2.7 Net soos Pienkie, moes Koot ook 'n belofte aan sy pa maak.
Wat was daardie belofte? (1)

2.8 Stem jy saam dat Koot NIE sy belofte aan sy pa nagekom het NIE? Motiveer. (1)

2.9 "Ek soek nie meer hierdie lewe van rondtrek op die stofpaaie nie."
(Reël 26–27)

Ouma Mieta se dood was die begin van 'n nuwe era vir die Karretjiemense.

Verduidelik hoe die tradisie van die Karrietjiemense saam met ouma Mieta gesterf het. Noem TWEE feite. (2 x 1) (2)

2.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.10) neer.

Waarna verwys die 'kieriegeld' waarvan Pienkie vertel het?

A Ongeskiktheidstoelaag
B Papgeld
C Stokvelgeld
D Pensioengeld (1)

2.11 Hoe het ouma Mieta se 'kieriegeld' hulle aan die lewe gehou? (1)

2.12 Dink jy die Geduld-kinders se lewenskwaliteit sal verbeter indien hulle nie meer rondtrek nie? Motiveer. (1)

**EN**

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

*Sarah tel een van Koot se hande op en kyk verbaas daarna.*

SARAH: Hemel, Koot! Wat het jou hande oorgekom? Is dit rumatiek wat jou vingers so krom trek?

KOOT: Nee, my nonna. Dis nie dit nie. Dit het daar in die binnetronk loop gebeur. Bakleiery, my nonna.

SARAH: Met wie het jy baklei?

KOOT: Met daai ander manne in die tronk ... Swartes!

SARAH: Swart gevangenes? Waarom? Wat het gebeur?

KOOT: Hulle hou nie van ons Geelmense nie, my nonna. Hulle koggel, koggel ... heeldag lank. Sê ons ... ek ... is ’n Boesman. Dat my dae van skeer getel is, dat ek die skeer moet uitgooi. Toe sê ek vir hulle nee, dis onse werk daai. Ek, Koot Geduld is ’n skêrbestuurder! Toe begin hulle my slaan. Jy sien, nonnie, twee kontrakmanne, ook skeerders, het saam met my gesit. Daai twee wou my nie uitlos nie. Elke dag praat hulle drek ... maak hulle nie reg met my nie ... maak dat ek terugpraat en hulle uitvloek. Hulle het my in ’n hoek vasgedruk en begin slaan. So neergesmyt teen die grond ... Toe trap hulle my hande, breek al wat been is aan die binnekant, sodat ek nie meer my skêr kan vashou nie. Kyk hoe lyk hulle, my nonna ...

2.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.13) neer.

Koot Geduld kon nie meer skape skeer nie. Sy werk toe hy uit die tronk kom, was dus om ...

A skape op te pas.
B skaapdiewe te vang.
C sinkhuise te bou.
D in die tuin te werk. (1)

2.14 Watter rassistiese naam het hulle vir die Karrietjiemense gegee? (1)

2.15 Dink jy dis Koot se eie skuld dat hulle hom geslaan het? Motiveer. (1)

2.16 Koot het vertel hoedat baie mense op die Karrietjiemense neerkyk en hulle afknou.
Hoe het sy kinders in die plaasskool deurgeloop? Gee EEN feit. (1)

Kopiereg voorbehou 

2.17 Glo jy dat Koot 'n visioen in die tronk gehad het of was dit slegs sy verbeelding? (1)

2.18 Sarah gee werklik vir die Geduld-familie om.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

2.18.1 Die gesprek tussen Sarah en Koot vind in die (hede / verlede) plaas. (1)

2.18.2 Wat is Sarah se primêre rol in die drama? (1)

2.18.3 Hoe het sy vir Koot in die verlede gehelp? (1)

2.18.4 Sarah kan met hierdie familie identifiseer omdat sy self ook swaarkry ken.
Met wie van Sarah of Koot sou jy simpatiseer? Motiveer. (1)

2.19 Waar vind die gesprek tussen Koot en Sarah plaas? (1)

2.20 Sarah het vir Koot vertel van die negatiewe uitwerking wat sy voorbeeld op die kinders gehad het. Van watter spesifieke insidente het sy gepraat? Noem TWEE feite. (2)

2.21 Waarom stem jy saam met Sarah dat Rokkies se drome afgestomp is? (1)

2.22 Die volgende gebeure het 'n rol in die Karretjiemense se lewens gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die gevolge in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.22.1 tot 2.22.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 2.22.1 | Pienkies kan kos en drank koop. | A | Koot ontmoet sy derde 'vrou', Anna. |
| 2.22.2 | Toek-Toek slaan vir Donker dood. | B | Koot Geduld vra vir God om vergifnis. |
| 2.22.3 | Koot drink nie meer nie. | C | Pienkies breek die donkiekar op vir brandhout. |
| 2.22.4 | Koot dreig vir Pienkies. | D | Patrys en Koffie word aan die Verroois verkwansel. |
| | | E | Daar is nie genoeg dunpap vir almal nie. |

(4 x 1) (4)

**TOTAAL AFDELING B: 35**

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

### 3.1 **“KONING VAN DIE TOWNSHIPS” – Rudi Daniels**

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

Verskeie gerugte het die rondte gedoen aangaande Seppie se doen en late.
Ontsag was duidelik te bespeur wanneer sy naam in gesprekke opgeduik het – iets wat al hoe meer gebeur het. En hoe gereelder sy naam opgeduik het, hoe ontstellender het die stories geword – stories van roof, moord en verkragting. Nêrens was daar egter iets substantiefs nie, nie in die dagblaaie of gemeenskapskoerante nie.

Nadat Elsiesrivier maande lank in ’n oorlogsone omskep was, het die skietery stelselmatig afgeneem totdat dit uiteindelik doodstil was. Hierdie ongemaklike stilte het hom genoop om hom weer eens tot sy “informante” in die klas te wend.

“Het die Vredesforum weer daarin geslaag om vrede tussen die bendes te bewerkstellig?”

“Van watter *gangs* praat Meneer? Daar’s net een *gang* in Elsies en dis die Young Ones.” Blykbaar het al die ander bendes óf gevlug óf by die Young Ones aangesluit.

*****

“Sy moes’n les gelee’ word, want sy het haa’ hoeg gehou en op my nee’gekyk.”

As hy verwag het om ’n berouvolle seun in die tronk aan te tref, het hy hom lelik misgis. Hy het ’n hardgebakte, straatwyse en doodsveragtende mens in die tronk agtergelaat.

Twee dae daarna het die nuus hom bereik dat Seppie dood is.

3.1.1 Uit wie se oogpunt/perspektief word hierdie verhaal vertel? (1)

3.1.2 Verduidelik waarom die verteller die woord “gerugte” gebruik om na Seppie se doen en late te verwys. (Reël 1) (1)

3.1.3 “Ontsag was duidelik te bespeur wanneer sy naam in gesprekke opgeduik het – iets wat al hoe meer gebeur het.” (Reël 2–3)

(a) Dink jy die woord “ontsag” is gepas wanneer die verteller na mense se gesprekke oor Seppie verwys? Motiveer. (1)

(b) Vir watter misdaad is Seppie uiteindelik tronk toe? (1)

3.1.4 Watter organisasie het probeer om die dwelmhandel en geweld stop te sit? (1)

3.1.5 Sou jy sê dat dit Seppie se omstandighede is wat hom tot ’n lewe van misdaad gedryf het? Motiveer. (1)

3.1.6 Dit was moontlik om op skool al te voorspel dat Seppie aan die verkeerde kant van die gereg kon opeindig. Motiveer. (1)

3.1.7 Glo jy dat mnr. Brydon in sy roeping as opvoeder gefaal het? Motiveer. (1)

3.1.8 “Koning van die townships”.

(a) Verwys na die titel en verduidelik wat ’n township is. (1)

(b) Waarom het Seppie homself as die koning van die township beskou? (1)

(c) Op watter manier verskil dit van ’n koning soos die samelewing dit ken? (1)

3.1.9 Seppie het ten spyte van die feit dat hy homself die ‘koning van die township’ genoem het, ’n swak selfbeeld gehad. Verduidelik waarom hierdie stelling waar is. (1)

3.1.10 Seppie het gelewe volgens die swaard en gesterf volgens die swaard.
Hoe het hierdie spreekwoord in Seppie se lewe waar geword? Hoe is daar teen Seppie wraak geneem? (1)

3.1.11 Seppie het op twee geleenthede sy gunstelingonderwyser teleurgestel.

Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (3.1.11(a) tot 3.1.11(d)) en die antwoord neer.

| |
|---|
| lang; te sterf; bly; kort; bors; spyt; wit bene te kou; voorkop |

Mnr. Brydon het Seppie in die tronk besoek en agtergekom dat Seppie nie (a) ... is oor wat hy gedoen het nie. Hy was bereid om (b) ... omdat hy vir ’n (c) ... tyd die koning van die township was. Mnr. Brydon was ook teleurgesteld toe hy sien wat op Seppie se (d)... getatoeëer is. (4)

**EN**

3.2 **'N BED VIR JOHNNY – Jeanetta Basson**

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

"Oompie, het Oompie al in 'n régte hys gebly?"
Daars knipper sy oë. Die kind se stem is so sonder hoop, so vol verlange. Wat sal tog van hom word?

*****

Johnny rol hom toe in die jas en gaan lê op die kartonne.
"Ek het nog nooit op 'n regte bed geslapie, Oompie."
"Dan moet ons 'n plan maak. Jy moet vi' jou byrie Slams loep job vra. Dan kry jy somme' kos én geld. Dan spaar ons vir 'n paar sinke en bou ons eie hys. Nie tussen die goffels nie, op onse eie plek."
"Ek was al da', Oompie. Hy sê hy soekie die law nie. Ek's te klein."
Oompie snork. "Nie te klein vir Moerat-goed nie! Jy moet oppas, Jônnie. Jy moet daai hoekstaners uitlos. Hulle issie jou se maters nie. Daai Moerat is 'n daggakop. Ek't sélf gesien hoe hy bankies loep vekoep. Hy gat jou nog innie moeligeit bring."

***

"Ek sê jou hy's 'n robbies as hy gerook is. Bly weg va' hulle af." Die kartonne, die koleblik, die jas en Oompie se warm lyf maak hom behaaglik vaak. Hy skrik toe iemand hom aan die skouer skud.
Dis Moerat.
"Kó gou saam, man. Ons het 'n jop vi' djou."

3.2.1 Oompie Daars sorg vir Johnny se fisiese behoeftes soos 'n pa vir sy kind sou sorg. Gee TWEE feite om die stelling te bewys. (2)

3.2.2 Johnny se enigste wens is om op 'n regte bed te slaap.

(a) Wat is oompie Daars se plan om Johnny se wens waar te maak? (1)

(b) Watter ander vooruitsigte is daar vir Johnny as hy in 'n huis kan bly? (1)

(c) Wat impliseer oompie Daars as hy sê hulle huis moenie tussen die 'goffels' wees nie? (Reël 8) (1)

(d) Dink jy oompie Daars se plan kan werk? (1)

3.2.3 Oompie Daars het vir Johnny teen Moerat gewaarsku, maar Johnny sien Moerat as iemand wat suksesvol is.

(a) Wat is oompie Daars se grootste probleem met Moerat volgens die uittreksel? (1)

(b) Waarom kan ons verstaan dat Johnny vir Moerat as iemand wat suksesvol is, sien? (1)

Kopiereg voorbehou 

3.2.4 Tref 'n vergelyking tussen hoe oompie Daars en Moerat hulle geld verdien. Onthou om albei kante te noem. (2)

3.2.5 Moerat het later die aand vir Johnny kom haal om vir hom 'n werkie te doen.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Moerat wou hê Johnny moes vir hom ('n skootrekenaar / 'n DVD-speler) steel. (1)

(b) Hoekom, dink jy, het oompie Daars nie harder probeer om vir Johnny te keer om nie saam met Moerat te gaan nie? (1)

(c) Johnny het innerlike konflik ervaar tussen wat reg is en wat Moerat wil hê hy moes doen.
Gee 'n rede waarom Moerat se wil geseëvier het. (1)

3.2.6 Skryf die volgende vier gebeure ondermekaar in die regte volgorde neer:

A Johnny gaan na 'n elektroniese winkel.
B Johnny kan nie vir Moerat 'tama' nie.
C Johnny bedel by die 'carwatch'.
D Johnny sien helder blou ligte. (4)

3.2.7 Johnny het liewer Moerat se voorbeeld as oompie Daars se voorbeeld gevolg. Waarom stem jy hiermee saam? (1)
**[18]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende gedigte.

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAE

### 4.1 **"DEMOKRASIE (PITY) LIMITED"– Peter Snyders**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DEMOKRASIE (Pity) LIMITED – Peter Snyders**

Wies aware wat om jou aangaan
tjek yt die plek
waar djy jou kô kry.
Watch yt vir mense wat
inligting vra,
jou iets wil verkoep –
laat hulle hulle distance hou.

Wies op jou guard
in supermarkte
en as djy ge-hijack of ge-rob word
bly kalm en oplettend -
moenie trug fight nie
djy sal net seerkry.

Moenie jou gun in jou cubby hole
of handsak bêre nie.
Sorg dat jou kardeure toe
is – ennie vensters oek.

Moenie pakkies of selfouns
innie mouter los nie.
Tjek jou driveway
as djy hys toe kom
en as djy jou garage oepslyt
kyk
of daar nie iemand in wegstiek nie.

Moenie op verlate, donker paaie ry nie
gebryk sover as moontlik highways
en wies versigtag
by robots en stopstrate.

En, as jou mouter ge-hijack word
en djy doen 'n paar gun-skote op,
moenie die polisie betrek nie
want
daar's nie genoeg van hulle nie

hulle's overworked
en underpaid
en

al trek hulle die skelms en criminals vas,
die nuwe demokrasie is soe lief vir hulle
djy staan 'n kans
om 'n saak tiën jou
gemaak te kry.

4.1.1 Watter inligting gee die titel aangaande die politieke stelsel van Suid-Afrika? (1)

4.1.2 Verwys na die woordspeling "Pity" in die titel. Stem jy saam met die woordkeuse "pity"? Motiveer. (1)

4.1.3 Verduidelik wat jy moet doen as jou motor gekaap word. Gee TWEE feite. (2)

4.1.4 Haal 'n voorbeeld van **toutologie** uit strofe 7 aan. (1)

4.1.5 Die gedig is in Kaapse Afrikaans geskryf. Gee EEN kenmerk van Kaapse Afrikaans met voorbeelde, soos dit in die gedig voorkom. (2)

4.1.6 Die gedig is vol enjambemente. Wat sou die funksie daarvan wees? (1)

4.1.7 Stem jy saam dat dit teleurstellend is dat die polisie jou nie kan help nie? Motiveer deur na die rol van die polisie in 'n samelewing te verwys. (1)

4.1.8 Na wie verwys "hulle" in reël 38? (1)

4.1.9 Noem TWEE groepe mense (volgens die gedig) wat jy ook soos kriminele moet behandel, alhoewel hulle moontlik nie kriminele is nie. (2)

4.1.10 Hoe impliseer die spreker dat jy selfs by jou huis nie veilig is nie? (1)

4.1.11 Wat motiveer die gedig jou om te doen nadat jy dit gelees het? (1)

4.1.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Wanneer jy jou geweer in die 'cubby hole' hou, kan die rower (dit vir die polisie gee / jou dalk daarmee skiet). (1)

4.1.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.13) neer.

Die toon wat die spreker in strofe 7 oor "die nuwe demokrasie" handhaaf, dui daarop dat hierdie gedig 'n ... is.

A elegie
B liriese gedig
C satire
D sonnet (1)

4.1.14 Dink jy hierdie waarskuwings in die gedig is van toepassing op ALLE Suid-Afrikaners? Motiveer. (1)

4.1.15 Stem jy saam dat die spreker nie juis help om goeie menseverhoudings in Suid-Afrika te bevorder nie? Motiveer. (1)

**EN**

### 4.2 **"SONVANGER" – Valiant Swart**

Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**SONVANGER" – Valiant Swart**

kyk of jy vir my die son kan vang
daar's 'n kamer in die huis waar ons die son kan hang
dis donker by die venster in die middel van die dag
onthou jy hoe helder die kamer kon lag

kyk of jy vir my die son kan bring
daar's 'n liedjie in die gange wat die son kan sing
dis stil in die hoeke hierdie koue seisoen
kan jy sien wat die wind en die reën aan my doen

*sonvanger*
*ek vra jou mooi*
*laat hom weer vir my kom skyn*
*sonvanger*
*laat my verstaan*
*hoe 'n somer*
*sommerso in die niet kan verdwyn*
*en laat hom skyn*

kyk of jy vir my die son kan kry
daar's 'n huisie in my hart waar die son kan bly
kyk of jy vir my die son kan steel
daar's 'n plekkie in die tuin waar die son kan speel

*sonvanger*
*ek vra jou mooi*
*laat hom weer vir my kom skyn*
*sonvanger*
*laat my verstaan*
*hoe 'n somer*
*sommerso in die niet kan verdwyn*
*en laat hom skyn*

bring 'n bietjie lig
vir die draaie op my pad
en 'n handjie vol strale
vir die donker in my hart

*sonvanger ...*

4.2.1 Verduidelik wat 'n "sonvanger " is. (1)

4.2.2 Waar sal 'n mens dit gewoonlik aantref? (1)

4.2.3 Hierdie gedig, is eintlik 'n liedjie. Wat word strofe 3 en 5 genoem? (1)

4.2.4 "dis donker by die venster in die middel van die dag" (Reël 3)

(a) Word hierdie kontras letterlik of figuurlik bedoel? (1)

(b) Wat sou die spreker daarmee bedoel? (1)

4.2.5 Lewer bewys uit die gedig dat die spreker nie voorbereid was vir die verandering in haar lewe nie. Haal 'n reël aan. (1)

4.2.6 Is dit moontlik dat die winterseisoen tot die spreker se depressie bygedra het? Motiveer. (1)

4.2.7 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

(a) Die volgende werkwoorde word deur die spreker gebruik om die son te versoek om na haar te kom.
"vang; bring; kry; steel"

Die progressie in die woordkeuse dui op die spreker se (haastigheid/desperaatheid) om haar seun terug te kry. (1)

(b) Verduidelik die dubbelsinnigheid in "laat hom weer vir my kom skyn". (Reël 11 en 23) (1)

(c) Waarvan is die son simbolies in die gedig? (1)

4.2.8 Watter TWEE woorde in strofe 6 vorm 'n kontras? (1)

4.2.9 Kies die begrip in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (4.2.9(a) tot 4.2.9(d)) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| (a) | "Onthou jy hoe helder die kamer kon lag" (Reël 4) | A | Assonansie |
| (b) | "l**<u>aa</u>**t my verst**<u>aa</u>**n" (Reël 13) | B | Enjambement |
| (c) | "vir die draaie op my pad" (Reël 30) | C | Personifikasie |
| (d) | Reël 1 loop oor tot en met reël 33 sonder enige ruspunt. | D | Wending |
| | | E | Metafoor |

(4 x 1) (4)

4.2.10 Watter tegniek word gebruik om strofe 7 te beklemtoon? (1)

4.2.11 Hoe laat die gedig jou voel? (1)
**[17]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou